LUX MUNDI

# Welkom!



## GROEI
## IN VERHOUDING

**12 April**

## VIR VERHOUDINGS UITGEROEP

**19 April**

## VERHOUDING ‘IN CHRISTUS

**26 April**

## KRAGTIGE VERHOUDING

**3 Mei**

## HERSTELDE VERHOUDING

**10 Mei**

## LIEFDESVERHOUDING

LUX MUNDI PREEKREEKS

# GROEI IN VERHOUDING



# Oggenddiens

## 3 Mei 2026

## Ds Daan Klopper

GROEI IN VERHOUDING

# Votum

## Genesis 12 : 3b (1983)

**In jou sal al die volke van die aarde geseën wees."**

GROEI IN VERHOUDING

# Herstelde

## Verhoudings

Efesiërs 2: 1-22

GROEI IN VERHOUDING

## *Lewe uit die dood*

1Julle was dood as gevolg van julle oortredings
en sondes 2wat voorheen julle lewenswyse
gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie
sondige wêreld en julle laat lei deur die vors
van
die onsigbare magte, die gees wat daar nou
aan die werk is in die mense wat aan God
ongehoorsaam is.



3 So het ons trouens vroeër ook almal gelewe.
Ons is deur ons sondige begeertes oorheers
en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei
het en wat in ons gedagtes opgekom het.
Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos
die ander mense deur God gestraf moes word.

GROEI IN VERHOUDING



4 Maar God is ryk in barmhartigheid en het
ons innig lief. 5 Deur Sy groot liefde het Hy
ons wat dood was as gevolg van ons oor-
tredings, saam met Christus lewend gemaak.
Uit genade is julle gered!

6 Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met
Hom opgewek uit die dood en ons saam met
Hom 'n plek in die hemel gegee, 7 sodat God
ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe
geweldig groot Sy genade is deur die goedheid
wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.

[8]Julle is inderdaad uit genade gered, deur
geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself
nie; dit is 'n gawe van God. [9]Dit kom nie deur
julle eie verdienste nie, en daarom het
niemand
enige rede om op homself trots te wees nie.

GROEI IN VERHOUDING



10 Nee, God het ons gemaak wat ons nou is:
in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons
lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy
ons bestem het.

## *Een nuwe mensheid*

11 Hou dan in gedagte wat julle vroeër was. Van geboorte was julle heidene, en julle is "onbesnedenes" genoem deur dié wat hulleself "die besnedenes" noem, al is die besnydenis net mensewerk aan die liggaam.

GROEI IN VERHOUDING

12 In dié tyd was julle sonder Christus, uitge-
sluit uit die burgerskap van Israel, ver van
God af sonder deel aan die verbonde en die
beloftes wat daarmee saamhang, sonder
hoop en sonder God in die wêreld.

13 Maar nou is julle een met Christus Jesus.
Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het
nou naby gekom deur die bloed van Christus.
14 Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode
en nie-Jode, een gemaak het. Deur Sy liggaam
te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat
vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het.

GROEI IN VERHOUDING

[15]Die wet van Moses met al sy gebooie en
bepalings het Hy opgehef en deur vrede te
maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en
nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig.





16 Deur Sy dood aan die kruis het Hy ’n einde
gemaak aan die vyandskap en dié twee met
God versoen en tot een liggaam verenig.
17 Toe Hy gekom het, het Hy die goeie bood-
skap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver
van God was, vrede ook vir dié wat naby was.

GROEI IN VERHOUDING



18 Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode,
deur die een Gees vrye toegang tot die Vader.
19 Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie
bywoners nie, maar medeburgers van die
gelowiges en lede van die huisgesin van God.

GROEI IN VERHOUDING

[20]Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is.

21In Hom sluit die hele gebou saam en
verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here,
22in wie julle ook saam opgebou word as
'n geestelike huis waarin God woon.



GROEI IN VERHOUDING

# Herstelde verhoudings

EFESIËRS 2:1-22

GROEI IN VERHOUDING

# O R Tambo




GROEI IN VERHOUDING

# Dood agv sonde..EFESIËRS2:1



GROEI IN VERHOUDING

# 5Deur Sy groot liefde.. saam met Christus lewend gemaak.



# As nuwe mense begin ons anders lyk en optree..

**Efe :10 ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.**

GROEI IN VERHOUDING

# Alle mense nou God se ligdraers..

**Efe :19Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie**

**bywoners nie, maar medeburgers van die**

**gelowiges en lede van die huisgesin van God.**

GROEI IN VERHOUDING




15Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef.

22in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon.

GROEI IN VERHOUDING

# Tempel Waarskuwing



# Katakombes in Rome; "HOOP- ελπιδα"



GROEI IN VERHOUDING